Langenek.
De 11de Februarie kwam Kruger in het kamp van Joubert aan, om met hem verder te overleggen. De volgende dag richtte hij een schrijven aan Colley, waarin hij hem bezwoer met het nutteloos bloedvergieten op te houden, en het volk eindelik recht te laten wedervaren. Eerste de 21ste antwoordde deze, dat indien de Boeren met gewapend verzet ophielden, een kommissie met uitgestrekte volmacht zou benoemd worden, om langs vredelievende weg de kwestie op te lossen. Colley verwachtte binne 48 uren antwoord.

Kruger was reeds weder naar Heidelberg teruggekeerd en ontvang de brief eerst de 28ste. Onmiddellik antwoordde hij toestemmend.

Colley wist dat Kruger niet op de door hem bestemde tijd kón antwoorden en had bovendien uitdrukkelik order om, zonder haasten, op antwoord te wachten en indien enigszins mogelik tot schikking te komen, maar hij ontzag zich toch niet, een kans te wagen om het pleit door de wapenen te beslissen. Hij besloot Amajuba te bezetten en daardoor Jouberts hoofdkwartier in zijn macht te krijgen.

In de nacht van Zaterdag 26 op Zondag 27 Februarie 1881 beklom Colley met 800 man de kop. Zijn geschut moest hij achterlaten, daar het onmogelijk bleek het verder te vervoeren. Vóór het aanbreken van de dag waren de Engelse troepen boven en dus meester van de positie.

Tegen zijn gewoonte had Generaal Joubert in die nacht nog zeer laat zitten werken. Daarna had hij slechts twee uren in de wagen geslapen. Hij gevoelde zich onrustig zonder een bepaalde reden daarvoor te weten. Immers hij rekende er op, dat Colley zich niet bewegen zou alvorens de Vice-president had geantwoord. President Brand had hem laten weten, dat er alle kans op wapenstilstand bestond. En toch . . . hij was niet op zijn gemak. Zondagsmorgens te 4 uur zat hij reeds weder voor zijn wagen, met de Amajuba vóór zich.

Mevrouw Joubert was in het lager, als naar gewoonte haar man begeleidende of volgende. Want dat zij ook wel alleen kon reizen, had zij einde 1880 getoond, toen zij alleen, door de Britse voorposten heen, haar man te Heidelberg de geweren bracht die hij verlangde te hebben. Haar Kaffergeleide vluchtte op het zien van de vijand, maar Mevrouw „vatte die voortouw" van de wagen met de rechterhand, hield in de linker een geladen revolver, en reed ongehinderd doodbedaard verder.

Mevrouw was Vrijdag de 25ste gekomen en wilde de volgende dag weer vertrekken. Maar dominé Neethling was in het lager gekomen en zou des Zondags preken. De Generaal bewoog zijn vrouw daarom te blijven. Des Zondagsmorgens zat hij nog geen half uur voor de wagen, of zijn vrouw, die hem binnen miste, kwam naar buiten om hem gezelschap te houden. Onwillekeurig slaat zij de ogen naar de top van de Amajuba, en bemerkt, dat daarboven mensen zijn. Zij wijst het haar man, die echter antwoordt: Dat zullen de mensen uit distrikt Pretoria zijn, die komen om het lager te versterken, en . . . daar ze de weg niet kennen, verdwaald zijn."



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

„Nee," antwoordt Mevrouw, „dat is Rooinekke," en reikt haar man de verrekijker aan, waardoor deze ontdekt dat ze goed gezien heeft.

Onmiddellik was de Generaal te paard om de wachten na te gaan. Deze hadden de vijand niet kunnen bemerken, omdat ze te dicht onder de berg geposteerd waren. Voort „jagen" naar Frans Joubert was het werk van een ogenblik: „Daar is Rooinekke op die koppie en julle moet die koppie weer schoonmaak!" Zonder verdere orders af te wachten, stelden de veldkornetten Joachim Ferreira en Johannes Roos zich aan het hoofd van 150 man om die schijnbaar onmogelike taak te ondernemen. 150 Man! In gewone omstandigheden volgens Joubert wel wat veel tegenover 800 Engelsen.

Daar viel reeds een schot. Een Engelsman schoot op een der schildwachten. De Boer, die bijna getroffen was, meende dat zijn kameraad wat onvoorzichtig met zijn geweer omging en rieg half schertsend: „Voorzichtig een beetje! Julle zou een mens raakschiet!" Maar een tweede en derde schot lichtte hen allen beter in. Onderwijl joegen de 150 Boeren, waarbij zich nog ongeveer 40 anderen voegden, tot aan de eerste kliprand, een goede honderd voet bergop. Hier moest afgestegen worden, en de tocht verder te voet voortgezet. In drie afdelingen, elk van ruim 60 man, klom de kleine Boeremacht naar boven. Aan de zijde van het kamp van Joubert is de berg zeer stel; een groot voordeel voor de Boeren, die zich daardoor goed tegen het vuur van de Engelsen konden dekken. Van klippie tot klippie klommen de Boeren op, gedurig schietende, als slechts een ogenblikje een Engelsman over de rand keek. En elk schot was raak.

Te 12 uur waren de bestormers boven, en brachten een volslagen paniek onder de Engelsen. Een uur later was de kop „schoon". Aan Engelse zijde waren gesneuveld Generaal Colley, 4 officieren en 86 man; gewond 8 officieren en 125 man; gevangen 6 officieren en 51 man. De Boeren hadden 1 dode en 6 gewonden verloren.

Aan de avond van die dag schreef Joubert aan Kruger: „Boven en buiten verwachting hielp ons de Heere en elk onzer schrijft het aan de wonderlijke redding en hulp van een alles besturenden en machtigen God toe. Onze mannen beklommen den berg met moed en kracht die alle verstand te boven gaat. De troepen, onder aanvoering van Generaal Colley zelf, wilden den berg niet opgeven en vochten als helden. Maar onze God, die ons de overwinning gaf en ons bewaarde, deed een zoo heerlijke daad, die alle wonderen van moed en beleid te boven gaat."

De Republiek was vrijgevochten. Deze laatste slag was beslissend. Nederlagen hadden de Boeren in hun vrijheidsoorlog niet gehad.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

## NICOLAAS JACOBUS SMIT

Genl. Nicolaas Smit het reeds as opgeskote seun aan strafekspedisies teen opstandige swart kapteins deelgeneem, maar sy openbare optrede begin in 1864 toe hy as veldkornet vir die Mooirivier-wyk, Potchefstroom, gekies is. Dis egter met die Eerste Vryheidsoorlog dat hy as krygsman en leier uitgeblink het. Teen die einde van Desember 1880 het 'n Boere-krygsman onder bevel van genl. Piet Joubert, bygestaan deur veggeneraals Joubert en Nicolaas Smit uit Heidelberg na die Natalse grens vertrek. Die Boere se klinkende oorwinning teen die Engelse by Laingsnek is opgevolg deur nog 'n gevoelige neerlaag vir die Britse magte wat by Skuinshoogte deur 'n klein klompie Boere onder aanvoering van genl. Nicolaas Smit verslaan is. Hy was lid van die Transvaalse Deputasie van 1883–84 na Europa, Volksraadslid en vanaf 20 Junie 1887 tot by sy dood vise-president en lid van die Uitvoerende Raad.

Nicolaas Smit se bydrae tot die ontwikkeling van die Z.A.R. en van Pretoria in die besonder is nie gering nie: hy was in 1892 stigterslid van die eerste Landbouvereniging van Pretoria, 'n kurator van die Staatsgimnasium, en het die Bereapark as rugbyveld vir Pretoria gekry.

Hy is op 4 April 1896 aan sy huis in Pretoria oorlede. 'n Indrukwekkende staatsbegrafnis is gereël, en hy is op 5 April in die ou Begraafplaas ter ruste gelê.

## VERSLAG IN „ONS VADERLAND" – Dinsdag 16 Febr. 1932

'n Sterk pleidooi vir uitgebreide studie van ons vaderlandsgeskiedenis op skool is Saterdagmiddag deur Adv. Smit, Administrateur van Transvaal, gelewer toe hy 'n pragtige portret van wyle Generaal Nicolaas Smit aan die Zandfonteinse Laerskool by Daspoort oorhandig het, wat voortaan as Generaal Nicolaas Smitskool bekend sal staan. Ten spyte van die ongerieflike uur en die broeiende hitte het 'n groot aantal ouers en kinders by die skool byeengekom om die plegtigheid by te woon.


Nadat Komdt. Luderitz, voorsitter van die skoolkomitee 'n mosie van rou beklag i.v.m. die afsterwe van Dr N.M. Hoogenhout, Direkteur van Onderwys voorgestel het wat staande aangeneem is, het die Administrateur die skool en veral die kinders gelukgewens met die groot verandering wat die skool ondergaan het sedert hy laas daar besoek afgelê het (opening op 31 Augustus 1931). Die skool is jonk en nuut, maar t.o.v. die resultate wat hy gelewer het en die verfraaide omgewing waarin hy geleë is, staan hy by min skole in die provinsie agteruit.

**Betekenisvolle skoolname:**


Dit is met 'n gevoel van genoeë en trots dat spreker 'n portret aan die skool




Digitised by the University of Pretoria, Library Services



*Pres. S.J.P. Kruger, genl. Nicolaas Smit en S.J. du Toit,*
*lede van die Transvaalse Deputasie na Europa, 1883–1884*





*1885 – Genl. N.J. Smit*

Digitised by the University of Pretoria, Library Services

oorhandig van 'n man wat 'n groot rol in die geskiedenis van sy volk gespeel het. Dit is 'n verblydende teken dat ons skole langsamerhand name begin aanneem wat hulle aan die geskiedenis van ons volk bind. Die onvergeetlike woorde van Oom Paul: "Soek in die verlede al wat skoon en edel is en voeg daarna u toekoms", kan ons nooit verloën nie. Herhaaldelik word gesê dat ons ons toekoms op die goeie van die verlede moet grondves, maar spreker vrees dat dit alte dikwels maar net lippetaal is. "Hier word egter vandag 'n begin gemaak om ons kinders aan ons land se geskiedenis bekend te stel. Die hoë posisie wat Transvaal vandag in die agting van die buiteland beklee, het hy nie soseer deur sy goud en diamante verwerf nie, maar deur die beroemde en sterk manne wat hom in Europa en elders verteenwoordig het. In Europa het ons eer verwerf omdat die nasies besef dat hulle op ons kan reken.

Voortgaande het die Administrateur dit betreur, dat in ons skole vandag nie meer geskiedenis geleer word waaruit die opkomende geslag krag kan put nie. Hulle word geleer van die Jacobyne en van Hendrik die agtste se vroue ens., maar ons vergeet dat daar in ons land helde geleef het wat besondere eienskappe aan ons volk gegee het waarop ons trots behoort te wees. Vandag verhef ons enige man wat met allerlei beloftes voor 'n dag kom, tot 'n leier omdat ons nie meer die maatstaf van die verlede het, waarmee ons kan meet nie. En die gevolg is dat ons volk nog verder verdeel en verbrokkel word.

**Siellose politiek:**

Dit word dikwels gesê, vervolg adv. Smit, dat dit nie goed is om ons vaderlandsgeskiedenis op skool te doseer nie omdat dit ons noodwendig in konflik met die Engelssprekende volksdeel sal bring. Die Engelse volk is egter so groot en het so 'n lang geskiedenis agter hom dat dit hom nie sal skaad as ons hier in S.A. 'n groot volk opbou nie, net so min as wat dit die Hollander teenoor die Engelsman in die harnas ja as hy geleer word hoe De Ruyter en Tromp die Engelse oorwin het. 'n Volk wat geen geskiedenis en geen grondslae het waarop hy kan bou nie, word 'n onderdaan van 'n ander volk. "Ons sal uitvind dat as ons met hierdie siellose politiek voortgaan ons nie meer 'n samehangende volk sal wees nie, maar verbrokkel en verswak onder die druk van vreemde invloede.

**Besieling uit verlede:**

"Hier is dit egter 'n ander geval. Hier sien ek 'n strewe om op te bou en om besieling uit die verlede te soek. Die naam is uitgesoek van 'n man wat dwarsdeur sy hele lewe blyke van onversaagde moed gelewer en sy alles feil gehad het vir sy volk.

Die Administrateur het daarop 'n paar staaltjies uit die lewe van Generaal Nicolaas Smit meegedeel. Hy het vertel hoedat die ou grysaard, afgeleef en halfblind, een van die eerste was wat hom in diens van sy land gestel het tydens die Jameson inval.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services



*AMAJUBA-VEGTERS*


*'n Groep-foto van sittende en staande figure waarskynlik geneem voor die agterkant van die huisie van O'Niel waar die onderhandelinge tussen die Boere en die Engelse plaasgevind het. Datum van foto is onbekend en die figure ongeïdentifiseerd.*




*Genl. Nicolaas J. Smit – Vise-President Z.A.R.*



Digitised by the University of Pretoria, Library Services




*Nicolaas Smit versameling in die Nicolaar Smit Laerskool, Pretoria*



*Genl. Nicolaas Smit*

*Borsbeeld Nicolaas Smit Laerskool*





Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Ook van 'n voorval in Utrecht waar hy tydens 'n operasie by sy volle verstand wou bly: "My land verg my dienste," het hy gesê, "en ek wil sien wat julle met my maak." Ook in die dae van die hewige kerkgetwis het daar die versoenende invloed van hom uitgegaan waardeur dit moontlik geword het dat ons vandag nog tenspyte van kerkgeskille in liefde saamwoon. Spreker hoop dat die naam en dade van so 'n man die skool altyd tot besieling sal strek.

**Stewige hoeksteen:**

Nadat Mnr J.A. Spruyt, hoof van die skool, die Adminsitrateur vir sy pragtige geskenk bedank het, het inspekteur van der Lingen gesê dat die skool nou 'n nuwe hoeksteen gelê het. Op so 'n hoeksteen sou spreker graag sien dat die skool voortbou. Hy wens Mnr. Spruyt alle sukses op die werk van sy personeel toe en herinner ten slotte die ouers daaraan dat die lotgevalle van hul kinders van hulle afhang.


Mnr Spruyt het die sprekers bedank vir hulle aanmoedigende woorde en die hoop uitgespreek dat die skool werklik werk sal doen wat die moeite werd is om te doen.

Onder 3 hoera's deur die kinders is die portret van Generaal Smit deur 4 dogtertjies in ontvangs geneem.

Onder die aanwesiges op die stoep het ons o.a. opgemerk, Mnr Erasmus, Sekretaris van die Skoolkomitee, Mnr. P. van der Merwe, Mnr. Voss, eksaminator in die Departement van Onderwys, dr. Fraser, die skooltandarts, Mnr. P. Taljaard, burgemeester van Hercules en raadslede Komdt. Luderitz en Spindler, Mev. Spruyt eggenote van die hoof van die skool, Mnr. en Mev. Slabbert, Mnr. Hitchcock en Mejj. D. Kruger en M. Maakal, lede van die personeel.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services





Digitised by the University of Pretoria, Library Services

*DIE EERSTE VRYHEIDSOORLOG 1880–81*
*Militêre leiers van die Zuid-Afrikaanse Republiek*

*Van bo na onder*
*Van links na regs*

*Agter 1. Komdt L.P. Bezuidenhoud, Potchefstroom. Die publieke veiling van sy ossewa het die eerste skote van die Eerste Vryheidsoorlog laat klap.*

*2. Komdt S.P. Grove, Middelburg*
*3. Asst. Komdt. Generaal Hendrik Schoeman, Pretoria*
*4. Komdt. Henning Pretorius, Elandsfontein, Pretoria*
*5. Komdt. Lewis Fourie, Laingsnek*

*6. Komdt. H.R. Lemmer, Potchefstroom*
*7. Komdt. J.D. Weilbach, Potchefstroom en Laingsnek*
*8. Weesheer J.S. Joubert Senior, Gyselaar te Newcastle.*
*9. Komdt. J. du Plessis de Beer, Wonderboom, Pretoria*
*10. Komdt. P.J. Muller, Lydenburg*

*11. Komdt. Hans Erasmus, Rooihuiskraal, Pretoria*
*12. Genl. J.P. Steyn, Lydenburg*
*13. Komdt.-Generaal P.J. Joubert, van die Z.A.R.*
*14. Komdt. Hans Botha, Zwartkop, Pretoria*
*15. Komdt. G. Engelbrecht, Standerton*
*16. Vecht-Generaal J.M. Kock, Potchefstroom*
*17. Vecht-Generaal Frans Joubert, Bronkhorstspruit*
*18. Generaal P.A. Cronjé, Potchefstroom*
*19. Generaal N.J. Smit – Amajuba*



Digitised by the University of Pretoria, Library Services